# Welkom by NG The Reeds

**‘n Veilige hawe vir nuwe hoop**

God werk deur Josef & Maria in Egipte & Galilea om sy doel te bereik.





# Lied 365: 1

Hoor die blye eng'lelied

aan die Koningseun gebied:

"Vrede op aarde - God die eer -

Hy daal tot die sondaar neer."

Almal wat Hom liefhet, sing

# L 365:1 (vervolg)

om Hom lof en dank te bring!

Almal, juig met hart en stem:

God word mens in Betlehem.

Hoor die blye eng'lelied

aan die Koningseun gebied.

# L 365:2

**Christus, ewig God en Heer,**

**Christus daar omhoog vereer,**

**in die volheid van die tyd**

**word Hy mens, in needrigheid.**

**Sondelose Lam van God**

**kom aanvaar die mens se lot -**

L 365:2 (vervolg)

Hy, met mense saamgetel,

ware God - Immanuel!

Ook die aarde bring Hom eer -

Christus, ewig God en Heer!


Die hemele roep dit uit!
Advent 2024

# Matteus 2:13-23



13. Nadat hulle (die sterrekykers) vertrek het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en gesê: *“Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte toe en bly daar totdat ek jou sê om terug te kom, want Herodes is van plan om die Kindjie te soek en Hom dood te maak.”*

14. Josef het toe opgestaan en in die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte toe vertrek (700km – 2 maande) 15. en daar gebly tot die dood van Herodes (2 jaar). So is vervul wat die Here deur 'n profeet gesê het: *“Uit Egipte het Ek my Seun geroep.”*

16. Toe Herodes agterkom dat die sterrekykers hom in die steek gelaat het, het hy woedend geword. Hy stuur toe soldate en laat in Betlehem en die hele omgewing al die seuntjies van twee jaar en jonger doodmaak, ooreenkomstig die tyd wat hy noukeurig by die sterrekykers uitgevra het. 17. Toe is die woord vervul wat die Here deur die profeet Jeremia gesê het:

18. “*'n Gekerm word op Rama gehoor,*

*'n gehuil en groot gejammer:*

*Ragel treur oor haar kinders*

*en wil nie getroos word nie,*

*omdat hulle nie meer daar is nie.*”

19. Na die dood van Herodes verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef in Egipte 20. en sê: "*Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en gaan terug na die land van Israel toe, want die mense wat die Kindjie se lewe gesoek het, is dood.*"

21. Josef het toe opgestaan, die Kindjie en sy moeder geneem en na die land van Israel toe teruggegaan. 22. Toe hy egter verneem dat Argelaos in die plek van sy vader Herodes oor Judea regeer, was Josef bang om daarheen te gaan. Nadat God hom in 'n droom 'n aanwysing gegee het, is hy na die landstreek Galilea toe. 23. Daar aangekom, het hy gaan woon in 'n dorp met die naam Nasaret. So is vervul wat deur die profete gesê is: Hy sal Nasarener genoem word.

# Goddelike perspektief




Goddelike perspektief
Matteus se Kersverhaal...

# Die hardheid van die teks val op



# Ander lens



Vers 13-15 – Vlug na Egipte

So is vervul... (15)

Engel (God handel)

Vers 16-18 – Kindermoord

So is vervul... (17)

Vers 19-23 – Terugkoms uit Egipte

So is vervul... (23)


Klem op God se sorg,
omgee, vooruit sien
Josef se droom
Gordyn word oopgetrek



# Opdrag

Vlug na Egipte

Herinnering – toevlugsoord



# Aanhaling

Herinner aan uittog



# Kersfees vandag

Begin nie by bedreigings

Herinner aan ons Egiptes in ons lewens

Vers 13-15 – Vlug na Egipte

So is vervul... (15)

Engel

(God handel)

Vers 16-18 – Kindermoord

So is vervul... (17)

**(Herodus handel)**

Vers 19-23 – Terugkoms uit Egipte

So is vervul... (23)

Berekende bedreigings

Noukeurige navraag



Aanhaling

Klem op die hopeloosheid



# Die hardheid van ons realiteite



Vers 13-15 – Vlug na Egipte

So is vervul… (15)

Vers 16-18 – Kindermoord

So is vervul… (17)

Vers 19-23 – Terugkoms uit Egipte

So is vervul… (23)

Engel (God handel)

**(Herodus handel)**

Engel (God handel)


Klem op God se
doel met Jesus
Josef se droom
Gordyn word weer oopgetrek



# Opdrag

Keer terug

Josef begin self raaksien



# Aanhaling

Herinner aan
sy opdrag
& eenvoud



# Kersfees vandag

In God se hand

Herinner aan ons karakter & opdrag

# Goddelike perspektief





God werk *deur*
Josef & Maria
*in* Egipte & Galilea
om sy doel te
bereik



# VONKK 253:1

Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.
Dis weer tyd vir Kersfees,
laat ons sing en bly wees.
Hy, die Hemelkoning,
maak hier by ons woning.
Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.

Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.
Kom vier fees met blydskap
oor die blye boodskap.
Ons is nie verlore.
Christus is gebore.
Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.

Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.
Hierdie Kindjie, Jesus,
is die ware Christus.
Hy, ons Lig en Lewe,
kom ons skuld vergewe.
Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.



God werk *deur*
Josef & Maria
*in* Egipte & Galilea
om sy doel te
bereik